PROFESSIONELE AANSPREEKLIKHEIDSKEMA VIR VERPLEEGSTERS

Accu-Prof
Insurance Brokers
Short term, Commercial, Liability and Niche Insurance

Onderskryf deur
STALKER HUTCHISON ADMIRAL

STALKER HUTCHISON ADMIRAL



Hierdie is 'n kort samevatting van die versekeringsdekking wat onder hierdie skema beskikbaar is en is onder geen omstandighede bedoel om die polisbewoording te vervang nie. Enige woord hierin gebruik of inligting hierin voorsien, is ondergeskik aan die polisbewoording.

Dit is belangrik dat u altyd alle inligting en feite wat 'n invloed kan hê op die bepaling van die risiko, moet openbaar. Hierdie inligting sal insluit vorige eise of enige aspekte omtrent of rakende uself of u beroep wat die risiko moontlik kan verhoog. Dit is belangrik om te voldoen aan die vereistes van openbaarmaking van wesenlike feite.

1. DIE PRODUK

Skadeloosstelling vir mediese wanpraktyke gepleeg deur lede in die mediese verplegingsberoep. Enige groepe of individue in die mediese verplegingsberoep kan by hierdie skema aansluit.

2. VERSEKERINGSDEKKING

Die versekeraar stel die versekerde lid skadeloos vir skadevergoeding waarvoor die lid aanspreeklik mag wees om te betaal.

- As gevolg van sy/haar nalatige optrede as 'n mediese professionele persoon. Die skadeloosstelling sluit die redelike kostes en uitgawes verbonde aan sodanige eis in.
- Liggaamlike beserings en skade vooruitspruitend uit professionele gesondheidsorg.

Opsie 1 - Basiese dekking uitgesluit Verloskundiges
Verpleegsters nie betrokke by verloskunde. Skadeloosstellingsperk - R6 Miljoen (per eis/per versekeringsperiode). Bybetaling deur lid R2 500.00.

Opsie 2 - Basiese dekking vir Verloskundiges
Verpleegsters betrokke by verloskunde. Skadeloosstelling - R8 Miljoen (MAKS) (per eis/per versekeringsperiode). Bybetaling deur lid R2 500.00, verhoog na R20 000.00, indien eis ontstaan uit verloskundepligte, tydens voor en/of nageboorte.

3. VERTEENWOORDIGING BY DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERS RAAD

- Die regskostes verbonde aan die verteenwoordiging van die versekerde lid in enige siviele geding uit die nalatige optrede ontstaan - en die ondersoek verdediging of skikking van die eis beperk tot die skadeloosstelingsperk van die polis.
- Professionele Aanspreekliksheids Verhore - R50 000.00 per gebeurtenis (ingesluit hoofperk). Bybetaling per lid R1 000.00

OPSIONELE - ADDISIONELE DEKKING

4. OPSIE OM STANDAARD SKADELOOSSTELLINGSPERK TE VERHOOG

- (Nie aangebied vir Verloskundige / Verpleegsters betrokke by verloskundige dienste). Limiet op aanspreeklikheid verhoog met R4 Miljoen.
- Totale aanspreeklikheidsdekking na opsie uitgeoefen is R10 Miljoen.

5. DEKKINGSVERLENGINGSTYDPERK

Die opsie kan geneem word om dekking te verleng nadat die lid die mediese beroep verlaat het. 3 Jaar tydperk - 40% op standaard premie (dekking nie van krag indien die lid die skema bedank)

6. TERUGWERKENDE DEKKING

Vanaf datum van aansluiting, tensy bewys van ononderbroke vorige dekking voorsien kan word.

7. SKADELOOSSTELLINGSPERK

Die perk is soos aangedui op die vorm en is onderhewig aan wysigings van jaar tot jaar deur die versekeraar.

8. PREMIE

Dekking bly van krag indien lid se premies op datum is.

Navrae kan gerig word aan:
Accu-Prof Insurance Brokers
Herman van Zyl
Tel: 012 345 5015 Faks: 086 524 8838
Posbus 924, Wingate Park, 0153
E-pos: accup@icon.co.za Web bladsy: www.accuprof.co.za
Accu-Prof is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer
FSP no: 32066 * CK95/25470/23